

styl as synde persoonlikheidsuitdrukking.<sup>48)</sup> Daarvolgens is dié uitdrukking op sy suiwerste waar die taalbeheer volkome gelykwaardig is aan alle eise van die ideebelewing. Dit is die styloppvatting wat uitgaan van wat beskou word as die wesenlike van elke „skepping”, met die estetiese ondersoek as sekondêre gesigspunt en die meganistiese „stylleer” van ons skole as bloot uiterlikheid. Toegespits op hierdie studie beteken dit dus dat ons die gebruik van diminutiva aanvaar as, ooreenkomstig die eise van die aard en belewing van die „idee”, onontkoombaar. Daarom het ek hiervoor gepraat van styldwang.

Volgens die oppvatting hierbo gaan dit dan by ’n skepping só toe dat, volgende die aard en die krag van die stylpersoonlikheid van die skrywer en die organiese eenheid van belewing en uitsegging, sy „idee” naamlik uitstoot in die rykste moontlikhede van die taalvoorraad en struktuur, — bv. argaïese en „jong” sinonieme, verboë of onverboë vorme, geykte of geadapteerde spreekwoorde, ens., — op só ’n wyse dat daar minieme oor- of onderbeligting sal wees van bv. die vele gevoelsassosiasies wat altyd die begrips-inhoude in die werk van ’n kunstenaar begelei. Dit is op beknopte wyse geïllustreer uit Mikro.

Ook word die taalsoort van ’n gedagte-uiting bepaal deur die aard van die meegaande gevoels-assosiasies en deur hul meerdere of mindere organiese verbondenheid met die totaliteitsidee. Vergelyk vir die taalsoort byvoorbeeld al die vele verswaarde<sup>49)</sup> taalvorme in D. F. Malherbe se Bybel-romantrilogie, teenoor bv. Langenhoven se talryke, gewone, ongestileerde volksvorme, en hou daarby gedurig die aard van die „idee” in die gedagte.

---

<sup>48)</sup> Vgl. hier Dr. F. E. J. Malherbe se stylartikels in *Die Huisgenoot*, 14/12/’31, 25/12/’31, 15/1/’32, 29/1/’32, 30/10/’36 en 13/11/’36.

<sup>49)</sup> Kyk Dr. G. S. Overdiep: *Moderne Nederlandsche Grammatica*, blss. 57-64.

Waar daar dan 'n behoefte tot uiting is en 'n taalmiddel voor hande waarin dit geredelik vorm kan vind, raak die behoefte feitlik vanself in die bevatlikste taalstruktuur geobjektiveer.<sup>50)</sup> In die onderhawige geval is die taalmiddel nou die diminutief, en die behoefte: 'n hele groot verskeidenheid gevoelsladinge, soos reeds saamgevat is. Beskou ons nou die Afrikaanse prosa as geheel, met uitsluiting van die paar gevalle waar daar 'n seldsaam minieme gebruik van diminutiva gemaak word, is gevind dat daarin veelvuldige gevoelspelinge tot uiting kom — soos hiervóór gegroeper; daardie by-assosiasies belig dus vir ons die psigiese „Gestalt” van die groep by wie dit veel voorkom, hiér die prosaïste-groep. Maar wat in die prosa waargeneem is, vind ons ook oor en weer bevestig in die spreke van die Afrikaner: die aanwending van veel diminutiva belade met gevoel-suggesties. Trouens, ons het reeds gesien dat die skryftaal in dié opsig armer as die spreektaal is. So kan ons dan die psigiese „Gestalt” van die skrywers-groep ook aanvaar as kenmerkend van die breë, sprekende volksgroep, met die individu soms nader aan die algemeen geldende daarvan, soms meer verwyderd, volgens telkemaal wesensverskillende idee-belewinge of volgens in hoofsaak soortgelykes. Mikro, byvoorbeeld, het hom in drie bundels besiggehou met kleurlinglewe op elke keer gelyksoortige wyse gesien, en as hy op dié wyse voortgaan, kan ons in sy taal dieselfde elemente verwag as voorheen. Die taal van Oeslande bevat dan ook, wat meer bepaald diminutiva

---

<sup>50)</sup> Kyk hierby Dr. M. J. Langeveld: *Taal en Denken*, veral hoofstuk III. Op grond van die hele uiteensetting hier kan Prof. Le Roux se antwoord op sy vraag: waarom die diminutiefuitgange nie ook verlore gegaan het soos so baie ander Nederlandse woorduitgange in Afrikaans nie, aanvaar word. Hulle sou naamlik hul behoud hieraan dank dat hulle op „'n kort maar doeltreffende manier” allerlei gevoelens gelei waarvan die uitsegging vir die Afrikaner 'n behoefte is, maar waarby hy tog nie graag „lank verwyl” nie. (Kyk Le Roux: *Praatjies oor Ons Taal*, blss. 105-106.)

betref, geen afwyking op sy vorige reeks Rou Riemepelgrims-Toiings nie. So is ook Malherbe se Meulenaar en Hans die Skipper werk van gelyke aard, — en die taal korrespondeer ook. Op die laasgenoemde twee bundels volg egter drie Bybelromans waarin ons weg is van die Afrikaanse bodem, huidig en histories, verplaas na Israelitiese tye van eeue her, onder mense van vir-ons-volk ongelyksoortige gewoontes, belangstelling, uitsig — kortom: 'n hoegenaamde verskil in lewensinrigting en -gerigtheid, sodat ook die taalvorme hierdie nuwe aarde van Malherbe se kuns registreer, byvoorbeeld in die „opsetlike argaïsmes”.... en „onnodige Nederlandismes en Nederlandse woorde”<sup>51)</sup> wat o.a. vir Prof. Dekker teenval. Hierteenoor is te stel die meeste bundels van Langenhoven: diep gewortel in die spesifiek Afrikaanse doen en late, essensieel „boers”, en die taalsoorte waarin dit tot uiting gekom het, is in dié bundels baie gelyk. Hy het egter ook 'n paar spookstories vertel, werk van verskillende ideesoort waarin, omdat die hoofaandag gerig is op die bonatuurlike, meestal nagtelike, dikwels grusame, omdat die volledig Afrikaanse psige — en die spesifiek Langenhovense —, dus veel-veel gedeelteliker daarin gegee moet wees, Langenhoven se vernuf soms aan die werk maar sy kenmerkende geestigheid héél selde aktief is: verstandswerk, wat maklik begryp en vergeet word, met korresponderende, vry standaard en on-Langenhovense taal. Hy weet byvoorbeeld in Liefdes Onsin die krag van die diminutief te eksploteer op 'n wyse ongeëwenaard in enige taal, hy is hom bewus van die waarde daarvan,<sup>52)</sup> en tòg is dit in sy spookstories byna verwaarloos — styldwang in ànder taalsoort volgens die verskillende ideesoort en die ganse milieu van dié ideebelewing! Want beskou tenslotte 'n derde

<sup>51)</sup> Prof. Dr. G. Dekker: *Afr. Literatuurgeskiedenis*, 2de druk, bls. 169.

<sup>52)</sup> Kyk „A First Guide to Afrikaans” in *Versamelde Werke XIII*, bls. 341, en *Hoe om te Skrywe* (1932) blss. 33-34.

groep by hom: Skaduwees van Nasaret en die fragmentariese Mantel van Elia. Hier is Langenhoven sober, ernstig, ingetoë en stemmig, eerbiedig, minder intiem, sonder sy tipies-geworde woordspeling en volksuitdrukkinge, sonder sy gemoedelikheid, — die gees is hier strak gespanne en nie verrassend beweeglik soos so dikwels elders nie. So is sy taal ook hier. Dit blyk onder andere uit die vergelykenderwys gesproke geringe gebruik van diminutiva, asook uit sy verdere woordgebruik, waarvan die verskil as volg verantwoord word in Hoe om te Skrywe: „In sy Skaduwees van Nasaret laat hy (d.i. Langenhoven) sy denkbeeldige Griekse wysgeer sê: „Hy (Jesus) het nog nie baie tyd gehad om die noue grense van vryheid te oorskry nie.’ Die aangewese uitdrukking sou gewees het: „Jesus het nog nie sy tou styfgeloop nie.’ Maar elke mens voel dat die metafoor, hoe idiomaties treffend ook, in die betrokke verband ontoelaatbaar was.”<sup>53)</sup> En op ’n ander plek skrywe Pienaar-Langenhoven: „Die oogmerk van die boodskap bepaal die gees van die woorde waardeur hy oorgedra word.”<sup>54)</sup>

Wat is dan, om saam te vat, die aard of „Gestalt” van die psige wat hom so dikwels in diminutiewe vorme uit? Op grond van die voorkomende gevoelsuitinge en hul verband, meen ek dat dit is ’n beweeglikheid van gees met ’n sterk hang na aandagaan-die-geringe. Die beweeglikheid is geleë in die *houding* teenoor die geringheid, naamlik in verreweg die meerderheid van gevalle nié afkerig daarteenoor nie, net enkele kere wêl in verskeie soorte van spot tot minagting. Die geringheid self kan geleë wees in die bestaansomstandighede, die uiterlike milieu dus (kleinheid s.m.) of in gemoedsaandoeninge — impressionisties sowel as ekspressionisties beleef — of in albei saam. In die eerste geval het ons dan te doen

---

<sup>53)</sup> Bls. 3, voetnoot aldaar.

<sup>54)</sup> t.a.p. bls. 5.

met bloot kleinheid sonder meer, neutraalweg gekonstateer, soos wanneer Langenhoven bv. skrywe: „Dis 'n kort verhaaltjie hierdie ....”<sup>55)</sup> In die tweede geval is daar, bewegend weg van die bloot „gevoelloos” neutrale, psigiese speelruimte tussen allerlei nuanse van ernstigheid tot bedruktheid toe, selde egter donkere gemoedsomberheid, soms wel afkerigheid, en in 'n ander rigting uit dikwels mindere erns tot speelsheid en ligte vreugde toe. In geen geval word egter die hewigs-ervaaarde gevoelens, na enige rigting, deur diminutiewe uitgedruk of vergesel nie. Ek het byvoorbeeld geen geval gevind waar blinde woede of haat ontledig is in diminutiewe nie: hulle dra hoogstens gevoelskaduwees en -suggesties, bly feitlik sekondêr in vergelyking met 'n regstreekse, volledig ontlade gemoedsaandoening. Kry 'n mens dit, dan wring hy hom los van sekondêre uiting in die funksie van 'n woordvorm en ontlaai hom selfstandig in 'n sin, paragraaf of — op sy minste — 'n woord. Daar is byvoorbeeld nie één sin in ons ganse letterkunde wat in verkleinwoorde soveel bitsige woede uit as die volgende sin wat Azkar in *Moab* aan 'n vyand toesnou nie: „Hond wat die woestynstof snuiwe, jy waag te veel.” (bls. 247). 'n Ander voorbeeld: die minnares in Sekelmaan vaar kwaai uit teen die indringer Du Toit: „Witgepleisterde graf! Harlekyn, met jou deftige kunsmanel, met jou blink pluiskiel en jou sagte ouderlingstem!” Hier begin die afkeer al effens breek. „Hoe windskeef sit alles nie op jou nie! Hoe bitter moet daardie ongewone stewels jou nie knel nie!” Die gedagtes begin rondspring, van die een vergelykingsvoorwerp op die ander, sy soek woorde. „Oorkruiper!” Dan vat die reeks weer, maar hy verslap gou en: ons kry 'n diminutief: „Klein, klouerige, inkruiperige slak! Ywerige swart miertjie!” Die „swart” kan egter nie opweeg teen die „ywerige” plus die diminutief nie, daarom word die hele uitlating nogeens saamgevat: „Ek haat jou!” (bls. 20).

<sup>55)</sup> Tweede sin van *Die Wandelende Geraamte*.

Dit moet duidelik wees: waar die diminutief staan, moet die hewigheid van aandrif getemper wees. Ek kan dit nie aanvaar as bloot toevallig dat aan die end van 'n ontlading soos hierbo, 'n taalvorm <sup>a)</sup> sònder diminutief staan nie. Presies dieselfde soort geval het ons ook in die volgende: Marie raak sat van haar eie bedelende liefde by Johan: „Haar veragtelike honde-ootmoed, haar skurende, vleiende katjie-liefheid daar by jou moeder vanmiddag! Haar onopgevoede, bedelrige hongerigheid by die aanhoor van jou nietige dit-en-dat-gedoentetjies by die huis! Onwaardige, amper gierige uitvra na jou werkies en jou voorliefdetjies en gemakgies. Veragtelik! Veragtelik!” (Sekelmaan, bls. 69). Solank dit nog bly by afkerigheid of wrewelrigheid, is die diminutief nog „tuis”; stoot dit egter na 'n hoë intensiteitstop, dan is daar geen plek meer vir die diminutief nie.

Dieselfde as hierbo geld van die ander gevoelens wat in diminutiva ontlaai word: die gevoelslyn wat strak en styf gespanne is, sny die diminutief-uitgang af — vir sy gebruik is onontbeerlik: *lig* by haat of erns; soos Langenhoven êrens sê: „Daar is vir ons boerestand altyd nog 'n grap uit die ellende te haal. Is dit nie koddig nie, sê hulle, dat dit op so 'n snaakse manier kan sleg gaan”; daar moet iets ligs wees in vreugde, smart, bedruktheid, weemoed e.d.m. Duidelik blyk die onontbeerlikheid von so 'n mate van *lig* vir diminutiefgebruik ook onder andere by Totius. Groot gedeeltes van hierdie digter se werk is sware, slepende smartbeladenheid, bv. sy Passieblomme, met selde 'n diminutief onder die taalvorme. Maar midde in die tastende en soms byna wanhopig soekende, hou hy immer sy oog op die Onsigbare. Daarvandaan skiet tóg soms 'n enkele ligstrepie deur, en sodra die duisternis *lig*, vind ons weer die diminutief — soos hy

---

<sup>a)</sup> Wat hier beteken: die hele sinnetjie.

dit self stel: „Net die lamp van my *gelofie* in my hart.”<sup>56)</sup>

Vir sover dit nie neutrale begripsdiens verrig nie, gelei die diminutief in Afrikaans dus alleen gemoedsaandoeninge van nié-primêre krag en aandrif.

Dit geld van verbygaande gemoedsaandoeninge net so goed as van min of meer psigiese gestemdheide, met andere woorde: die verhouding Moab: (tot) al die ander ooreenstemmende<sup>57)</sup> literatuur moet ook (kàn) blyk uit 'n enkele paragraaf<sup>58)</sup> of twee-drie waarin 'n gemoedsdrif geregistreer is wat nié gelyk is aan die oorheersende gestemdheid in die betrokke bundel nie en wat hom hier, soos elders in die taalgebruik, nie volledig (kàn) ontlaai in diminutiva nie.

Ek wil dit illustreer uit twee bundels, Die Profeet van D. F. Malherbe en Sy Kom met die Sekelmaan van Hettie Smit. Die Profeet (en Saul die Worstelheld) kom in hoofsaak met Moab ooreen wat betref ideemilieu en taalaard, asook hiérin dat daar baie spaarsaam gebruik gemaak word van ongestileerde taalsoorte en diminutiva — daar is alleen 40 verskillendes (op 267 bladsye), terwyl daar in die geheel net 56 keer diminutiewe voorkom, in vergelyking met 6 : 7 in Moab.... of 8 : 9 as die vormvastes bygereken word. Teenoorgestel aan die grootste gedeelte van ons letterkunde is maklik aan te toon dat die gevoelsdraad van Die Profeet byna ewe strak gespanne is as dié van Moab. Daar is egter veel minder hoogspanning op verskeie plekke, veel meer openbaring en suggestie van gevoelentjies, meer aandag aan geringe dingetjies en ook meer diminutiewe. Idee- en taalaard van die volgende is-die gewone in Die Profeet: „Op hom (Jeremia) rus die taak om nou voor dit te laat word, nou waar die volk droom van

<sup>56)</sup> Aangehaal by Dr. E. C. Pienaar: *Werda*, bls. 162.

<sup>57)</sup> „Ooreenstemmend” ten opsigte van diminutiefgebruik.

<sup>58)</sup> 'n Sin is m.i. 'n té beperkte eenheid om te kan dien as illustrasie.

rus en vrede, teen sy vyande in, teen hul spot en venyn en vervolging, te vertel van Jehowa se grimmigheid en die brandende waarheid te verkondig dat hulle sal moet drink die wynbeker van Jehowa se toorn." (bls. 13). Jeremia moet goddelike toorn voorsê, en die bundel toon ons die voltrekking daarvan. Maar Baruch, skrywer van Jeremia, staan op één oomblik met sy gedagtes by die skone dogter van die vyandiggesinde Pashur en nié by sy meester se taak nie, en hy sê vir die onvriendelike Pashur: „Ek wou net 'n woordjie praat met Hélea!" „Die woordjie kan jy gerus aan my oorlaat. Daar is nie plek hier vir verraaiers nie!", antwoord Pashur; maar hy is nog nie goed seker van wat aangaan nie, en „verraaiers" is half 'n gissing na die erns van Baruch se koms. Dan werp Hélea egter teë: „Maar vader, hy is g'n verraaier nie! Vader..." „My dogter, geen *woord* verder nie! Ek kan nie toelaat dat my huis besoedel word nie!" Nou weet hy, anders waarom skerm Hélea vir Baruch?! Vergelyk ook hierdie verhouding vader-dogter met haar smeektaal later: „My hart voel darem so seer oor.... die Profeet. Vader, hy sal doodgaan in die donker sel. Vader, jy moet sy straf verlig of vir hom vry maak, regtig, vader. *Vadertjie* (sic!) sal dit doen, ek weet, ek weet...." (bls. 184).

'n Ooreenstemmende geval uit Die Sekelmaan. By die opnoem van 'n reeks gebeurtenissies waarvan haar herinneringe maar nie wil loskom nie, selfs nou dat sy weet Johan kom nooit terug in haar lewe nie, vra sy: „Waarom moet sulke onbeduidende *kleinighede* die hele yslike bestaande Al in my bewussyn verdring?" Maar dan kry sy 'n ander gedagte: „of sou jy ook somtyds terugdink, so ver terug dat jou herinneringe myne roep om weer die pad te vind na die ou, ou dinge, die onsegbare *kleinigheidjies* van lankal?" (bls. 61).

Dit is die afwesigheid van deraardige oomblikke in *Moab* wat meebring dat dáár o.a. so weinig diminutiva

voorkom en soveel taalverswaring, dit is die meerdere aanwesigheid daarvan in Die Profeet wat ook o.a. meer diminutiewe en meer gewone volkswendinge daarin meebring. Wat volkswendinge betref, is in Moab byna geen geval soos die volgende aan te wys nie: „Jong man”, beduie Johanan ernstig, „*sprakerigheid* pas ’n krygsman eers na die veldslag. Ek sal jou aanraai om te wag totdat ’n Chaldeër-pyl *in jou blad vasgesit* en jy *lê kreun* het, soos ek!”; <sup>59)</sup> „Johanan, moenie *vir jou steur* aan die praatjies van die Profeet nie”; <sup>60)</sup> „Dit is waar, my seun,” val Ahikam in, „alleen, ek het geen *sê* meer nie”; <sup>61)</sup> „Nee *magtig*, Selemja, is jy dan *kinds*? Ek kon *sweer* dat jy geselskap het. *Wat makeer jou?*”; <sup>62)</sup> „Sal jy voor jou tyd verdroë voor die weefbak? Ek ken jou mos nie so nie;” <sup>63)</sup> „Wat is dan krom? My skoonheid? En jy met *jou Here se toorn*! Jy praat ook al soos die profeet! Julle *Here* alles weg! Julle *Here* die sonskyn weg.... julle sal nog die honger *weg-Here*, dat ’n mens nie meer sal eet nie!”; <sup>64)</sup> Jugal vra vir Hélea of sy weet „*hoekom* is die mense dan so traag”, waarom hulle wegvlug, en sy antwoord: „Ek dink, ek weet. Maar ek is maar ’n *vroumens*....” <sup>65)</sup> „Jugal”, roep Johanan verontwaardig, „gaan bou jou skanse. Jy is ’n kind! Ek het die Benjaminsvesting gebou, toe *jou mama vir jou met garspap gevoer* het.” <sup>66)</sup> So is daar verskeie meer voorbeelde, soos „die ou se dag” <sup>67)</sup> vir Jeremia se dae of bestemming, iemand „van kant maak” <sup>68)</sup> en dergelike meer.

Die Profeet het onder andere meer diminutiewe as Moab omdat dit meer volks is, dit het proporsioneel veel minder as die grootste gedeelte van ons letterkunde omdat dit onder andere net soos Moab op vreemde bodem staan en nog minder volks is, volks ook in die

---

<sup>59)</sup> Alle aanhalinge hier tot en met No. <sup>68)</sup> uit *Die Profeet*: <sup>59)</sup> bls. 81; <sup>60)</sup> bls. 83; <sup>61)</sup> bls. 91; <sup>62)</sup> bls. 97; <sup>63)</sup> bls. 98; <sup>64)</sup> bls. 99; <sup>65)</sup> blss. 114-115; <sup>66)</sup> bls. 128; <sup>67)</sup> bls. 140; <sup>68)</sup> bls. 141.

sin van „aandag-aan-die-geringe” soos hiervóór omskryf. So is dit ook nie vreemd dat Saul met sy jaartlange woorde en ingewikkelde sinsbou, met onder andere heel veel inversie en predikatief geplaaste adjektiefreekse, so weinig (ligte!) diminutiewe bevat nie.

’n Teenoorgestelde geval: in *Die Sekelmaan* kom besonder baie diminutiewe voor met begrips- en gevoelsdiens wat die verskillende aspekte wat voorheen genoem is, ruim dek. Dit is by uitnemendheid ’n bundel stemminge wat vry sterk afwissel — veel geleentheid dus tot gevoelsontlading —, daar is veel vreemds of on-volks in by wyse van Franse woorde, ens., filosofie, esteties, e.d.m., maar die uitsegging is tog oorwegend essensieel volks in die betekenisgronde van die woordgebruik en in die taalvorm — ondanks „alle geleentheid en slingeid”<sup>69)</sup> daarin. Ek gee hier ’n paar voorbeelde. Dit gaan oor ’n partytjie vir Johan en „sy” skrywe: „Dis goed *lat* hulle so baie van hom dink, en ek sê *mos* heeldag so, maar hulle moenie vir hom *staan en moeg praat* nie.... Is neef nie al *hees gepraat* nie? Naudé? *Is die van Naudé?*....”<sup>70)</sup> Johan ontvang ’n brief: „....Jong, ek verlang *rêrig* baie na jou. Is jy nog vir my kwaad? Ek is niks meer kwaad vir jou omdat jy nie van my hou nie, want ek verlang te veel, en ek *reken* so: kan hy dit dan help *lat* hy nie meer vir my liefhet nie? En ek hou tog so baie van jou dat dit nie eintlik saak maak of jy *ok* van my hou nie....”<sup>71)</sup> *Presies in die kader van die gevoelswaarde van sulke ongestileerde taalvorme* lê ook die aanwending van ’n paar honderd diminutiva om hul geleiding van nie-primêr-hewige gevoelsaandoeninge, om hul kanalisering van ’n sterk neiging tot „aandag aan die geringe”, soms gemoedelik, soms liefdevoller, soms heel bedrukt. En tussenin hierdie totaal, met soms negentien verklein-

---

<sup>69)</sup> Alle aanhalinge hier tot en met <sup>73)</sup> uit *Die Sekelmaan*:  
<sup>69)</sup> bls. 121; <sup>70)</sup> bls. 45; <sup>71)</sup> bls. 123.

woorde op een enkele bladsy,<sup>72)</sup> staan daar byvoorbeeld een keer twee volle bladsye met geen enkele <sup>73)</sup> nie, maar wel in saamgedronge stormtaal: dit is die herbeleving van 'n stikduistere stormnag met „oorverdowende druising op die dakke.... (en) geweldige rukwindvlae wat gierig teen die mure oplek en ongeduldig soos besetenes die vensters in hulle rame heen en weer skud....” (bls. 94).

Ons vind dieselfde verskynsel ook in ander bundels, waarvan ek hier net enkeles gaan noem. Waar D. F. Malherbe dit het oor Hans die Skipper se nuwe werkplek gebruik hy baie minder diminutiva dan wanneer dit gaan oor die bekende ou vissersdorpie met al die vertroulikheid van sy armmansbestaan. Waar dit in Langs die Grootpad gaan oor die diep-ernstig gevoelde en verhewe liefde van Hansie en Maria (blss. 180-184), kom geen diminutiewe voor nie, hoewel dit juis die bundel van Van den Heever is waarin die meeste verkleinwoorde voorkom van al sy bundels. Sien ook in dieselfde bundel die gedeelte waar Hansie leer verstaan en tot berusting en verwonderde insig op die lewe kom (blss. 222-228).

Die verhouding van 'n paragraaf of twee wat, in hul uitsegging van tydelike stemminge, afwyk van die gereeld voorkomende van 'n bepaalde bundel — hier binne Die Profeet en Sekelmaan —, korrespondeer dus noukeurig aan die verhouding van twee of meer afwykende bundels teenoor die vry gelykaardige psigiese „Gestalt” en sy taalsoorte waarin hy geobjektiveer is, van 'n ganse groep bundels... hier dus Moab, Skaduwees van Nasaret, ens. teenoor die res van die geëksperpeerde groep. Daardie groep is homogeen ten opsigte van die geval onder bespreking, dis verreweg die mees algemene, en: ons het gesien dat sy gesamentlike „Gestalt” in idee en taalsoort ook dié is van ons hele volksgroep; met ander woorde: in die individu-skrywersgroep-volksneiging tot „aan-

---

<sup>72)</sup> bls. 73; — dit is 15 verskillendes; vier word dus herhaal; <sup>73)</sup> blss. 93-95.

dag aan die geringe" is geleë die verklaring van waarom nou nie net die individuele skrywer per geval of die meeste skrywers vry reëlmatic nie, maar die Afrikaanssprekendes as groep „toevallig" soveel verkleinwoorde gebruik. Dit is m.i. die inwendige taalvorm wat so aktief is om die diminutief heen.

Ek meen dus die verklaring van die gebruiksveelheid van diminutiva vanaf Die Koningin van Skeba (1898) tot op Die Sekelmaan (1937) te sien in náby-hou aan die volledig volkse — hier in die taal as registrator van die psigiese werksaamheid.

Waarom die bogenoemde volkstrek te danke sou wees? Om die vraag te beantwoord, moet ons daardie „trek", in die verband van hierdie studie, nie skei van die taaluiting daarvan nie. Die vraag is dus: vanwaar die Afrikaanse volksneiging tot uiting — meer bepaald in diminutiewe — van „aandag aan die geringe": 'n sosio-psigologies-taalkundige vraag en geen psigologies-stilistiese meer soos hierbo nie. In soverre dit moontlik geërf is van die 17de eeuse Hollanders en hier te lande vrugbaar voortgeleef het, moet vir die beantwoording van die vraag histories te werk gegaan word; daarom laat ek die bespreking daarvan ontstaan tot die volgende, vergelykende, hoofstuk.

Ek meen dat die stylverband van diminutiefgebruik hiermee omstandig genoeg geïllustreer is. Om die volledigheid egter nog die volgende: dit is nie net die swaarbelade tempo (Moab) wat diminutiefgebruik beperk nie. Daar kom nog by: (a) wetenskaplike werk. Hierin gaan dit om feite en bewuste, objektief gevonde en gegewe inhoude, wat nouliks ruimte laat vir die suggerering van logies gesproke „oorbodige" gevoelens. Dit sou eintlik al sonder meer verwag kon word as bedink word dat, soos reeds geblyk het, hoe sterker wisselend op nie-primêr hewige vlak die gevoelslewe is, hoe meer diminutiewe daar voorkom. Vandaar die ongewone „aanstonsies" en „dalkertjies" by Oom Bart van Dirk Mostert. So lewer werk van subjektiewe aard oor die algemeen heelwat meer verkleinwoorde

as werk van objektiewe aard. So sou die gewone, saaklike natuurwetenskaplike nie doen soos Langenhoven in Water en sy Aard<sup>74)</sup> en praat van 'n „figuurtjie” (bls. 362) en 'n „termometertjie” (bls. 370) nie. Ook die half-wetenskaplike werk bevestig dus ons uiteensetting. So bevat Op Parool, Kaptein en Historiese Opstelle van Preller altesaam alleen ongeveer 166 diminutiva. Stel ons dit teenoor byvoorbeeld die reeks Somer, Vuurvlieg en Kromburg van Van den Heever, is dit 76% minder. Ook is gevind dat, waar die subjektiewe wêl 'n gevoelentjie meesprek, die gevoelsreeks oor 'n hele bundel baie beperk is: vergelyk byvoorbeeld hiervoor Strydom „Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog” en „Die Voortrekkers” van Dr. Kestell. Om kort te gaan: hoe meer nugterheid en saaklikheid, hoe minder diminutiva. Daarenteen vind die diminutief ( $\beta$ ) in 'n intieme, familiêre, geselserige trant 'n „natuurlike” tuiste: daar is tyd en geleentheid vir *ditjies* en *datjies*, vir *goetertjies* en *gedoentetjies*. Dit is myns insiens voldoende om hier net Langenhoven se naam te noem. Ten oordad van bewys, dink egter ook aan Mostert, Mikro en Boerneef.

Tenslotte hier net 'n enkele aanvullende opmerking by die posisie soos hierbo geskets: weens sy veelsoortige psigologiese verbintenisse, wat variërende elemente is, kan die veelvuldige gebruik van diminutiva tans, deur individue en die volk, nie strek tot waarborg of bewys dat die posisie so sal bly nie. Volgens die lewensgerigtheid van die volk kan dit toeneem en onder hoogdruk van omstandighede kan dit byvoorbeeld verval en permanent versterwe of daarna weer tot herlewing kom.

## II: *Sintaksis en Taaleie:*

(a) *Klein plus substantief.* Naas die semantiese faktore is 'n tweede omstandigheid vir die gebruik van

---

<sup>74)</sup> *Versamelde Werke VI.*

soveel verkleinwoorde geleë in die feit dat, in normale taalgebruik, die woord *klein*, attributief aangewend by 'n substantief, meestal die diminutief-vorm van die snw. by hom kry: klein vroultjie, klein kindjie.<sup>75)</sup> Dit geld van *klein* wanneer dit geaksentueerd voorkom plus gewone volkswoorde, nié „geleerde” woorde nie.

Opm. Dit is 'n vae en hoogs onbevredigende onderskeiding, maar ek vind presiese omskrywing hier net so moeilik en haas onmoontlik as wat die S.A. Akademie dit vind met „vreemde” woorde.<sup>76)</sup>

'n *Klein boom* kán nie in normale Afrikaans nie, 'n *klein sirkulêre* wél.

Waar die diminutief-eis by *klein* nie deurgaans nie, geskied dit om bv. moontlike gevoelsuggestie — wat in 'n bepaalde verband mag steur — te vermy, aangesien *klein* die geringheid inbegrepe in die onmiddellik volgende diminutief se semantiese aspekte kan aksentueer. Sintakties-morfologies is dit dan 'n soort augmentatief, maar semanties 'n „neutralis”: klein dui dan net maat of omvang aan, terwyl die weglating van die diminutief-uitgang by die substantief die wekking van gevoelsassosiasies van die hiervoor omskrewe soort voorkom. So het ek by 'n huisgodsdienst op 'n plaas aangeteken: „Ons lees net 'n *klein gedeelte* van Psalm 119 / ”. In dokumentêre taal en advertensies kom dit dikwels voor. Hier is een uit Die Burger (28 Maart 1938): „Betroubare bestuurder gesoek vir *klein plaas* . . .” Soos reeds opgemerk is, kom dit in die letterkunde uiters selde voor, maar hier is enkele voorbeelde. „Die Persman” in *Bande* van A. H. Jonker (bls. 109) begin as volg: „Twee harde slae van die groot huisklok dreun deur die *klein voorkamer* van die drievertrekhuise, waar Nicolay Theunis en sy vrou

<sup>75)</sup> Kyk ook Prof. J. J. le Roux in *Die Huisgenoot*, 28 Aug. 1936.

<sup>76)</sup> Kyk *Afr. Woordelys* 1937, en daarby bespreking van Dr. J. du P. Scholtz in *Die Huisgenoot*, 25 Maart 1938.

in teenoorgestelde hoeke sit sonder om 'n woord met mekaar te praat." In hierdie bepaalde sin vorm die „augmentatief” *voorkamer* deel van die taalmilieu geskep deur die woorde *hard, groot, klok, dreun* en *hoeke*, plus die stilswye van die laaste frase. In die volgende paragraaf, waar dit nie gaan om die strakheid van atmosfeer nie, maar om die versletenheid van die omgewing, word na daardie selfde „klein voorkamer” verwys as „(die half-duister van) die *klein*, beknopte *vertrekke*” waarin „'n mens skaars die ou vertrapte blompatroon” (van die „ou half-verslete tapyt”) kan „onderskei”.

Kom *klein* ongeaksentueerd voor saam met gewone, veelgebruikte volkswoorde, is gevind dat die snw. in 98% van die ondersogte gevalle ongediminueerd is en (a) uitsluitlik van lewende wesens, hoofsaaklik mense, en (b) meestal pejoratief — in ligter of ergere graad — gebruik word: „Die trein fluit en die stasiemeester draf van Pieter af weg, wat hom veragterend agterna kyk. „Klein bôg’, sê hy en vat sy sakkie”. (Groei, Van den Heever, bls. 77.) Ook hier is die verband onontbeerlik ter onderkenning van gevoelsassosiasies.

Die teenoorgestelde tipe geval is dié waarby *klein* gevolg word deur 'n dubbele diminutief.

Opm. Met 'n „dubbele diminutief” word hier bedoel een wat dit is volgens die huidige taalwerklikheid, dus een waarvan die onverkleinde vorm nog in Afrikaans bestaan en in dieselfde betekenis gebruik word, soos bv. *broek* en *stuk*. *Koppie* (drinkding) en *meisie* kan dus nie hier dien as illustrasie nie.

So 'n geval het ek uit die spreektaal opgeteken: „Ronnie het 'n skattige *klein ferweelbroekietjie* aangehad,” en „Nee, ek wil net so 'n klein *stukkietjie* hê, nie groter as jou pinkie se nael nie.” / .. In die letterkunde het ek egter geen dergelike gevalle gevind nie, behalwe „skaapbossietjies” in 'n stuk van M.E.R.

in „Die Burger”: 25/11/1937, en „huisietjie” in *Op Veld en Rante* (bls. 78).

( $\beta$ ) *Ou*, *kort* en *ander bnw. plus snw.* Behalwe *klein* is daar ook ander veelvoorkomende adjectiva waarby die onmiddellik volgende substantief meestal diminutief is, byvoorbeeld *skraal* (vroutjie) en *tingerige* (plantjies bv.), maar die vernaamste is *kort* (mannetjie bv.), *dun* (beentjies bv.), *fyn* (stemmetjie bv.) en dan veral *ou*, ongeaksentueerd.<sup>77</sup> Laasgenoemde kom veral veel voor by „gunstige” gevoelswaardes: so bv. is 70% van alle gevalle van liefkosing by ’n diminutief-substantief in Sekelmaan vergesel van hierdie *ou*.

Opm. Geaksentueerd het *ou* altyd letterlike betekenis. Heel dikwels kom een van hierdie adjektiewe, d.w.s. *kort*, *dun* en *fyn*, asook *klein*, ook voor sáám met *ou* (ongeaksentueerd) vóór ’n diminutiewe substantief: „Klein ou wagkamertjie” (Droogte, bls. 140), „dun ou beentjies”, e.d.m.

Aan hierdie groep woordjies het nog geen vaste taaleie ontwikkel soos by *klein* nie, maar dit val tog op dat hul besonder dikwels so verskyn; en vreemd is dit nie, omdat hulle almal net presieser woorde is om geringheid aan te dui, net spesifieker vorme daarvan.

Opm. Die beperkinge by diminuering bly deurgaans geld, ook by hierdie woordjies.

### III: *Vormvastheid en -Slytasie:*

(a) *Vormvastheid.* ’n Derde en laaste omstandigheid by die gebruiksveelheid van diminutiva in Afrikaans is gedeeltelik ’n saak van vocabulaire: daar

---

<sup>77</sup>) Kyk ook voormelde artikel van Prof. Le Roux in *Die Huisgenoot*.

is naamlik in Afrikaans byna 500 woorde — bereken volgens betekenis — wat enkel as diminutiewe aangewend word, wat ek hier dan noem vormvastes.<sup>78)</sup> Hulle val in 'n paar duidelike groepe:

- (i) Dié waarvan die onverkleinde vorm nie (meer) voorkom nie, byvoorbeeld *agretjie*, *bessie*, *dawwetjie*, *koppie* (drinkding), *mandjie* en *muggie*.

Opm. *Mand* kom wêl voor, naamlik by Van Melle (Dawid Booysen, bls. 11), as vertaling van „efa” wat uit die Bybel aangehaal word (kyk Sagaria 5). Sowel die Nederlandse as die Afrikaanse Bybel gebruik alleen „efa”. „Mand” is dus 'n Nederlandisme, net soos Van Melle se herhaalde gebruik van *klein* sonder 'n diminutief, hoewel daar geen „augmentatiewe” bedoeling is nie, bv. saam met *man*, *kind*, *perd*, *kop*, *pan*, *kraal*, ens. En op 'n ander plek in dieselfde bundel gebruik hy wêl *mandjie*: „'n dametjie met 'n *mandjie* blomme” (bls. 54).

„Mug” kom nog 'n enkele keer by Langenhoven voor, maar, opvallend genoeg, in Skaduwees van Nasaret (bls. 64). Zadok sê daar in sy brief: „Ons is dwase en blindes, blinde leiers wat die *mug* uitsuig en die kameel heel insluk.” In sy „Aankondigings” by Sonde met die Bure skrywe Langenhoven egter: „Lesers en krietisie <sup>79)</sup> wat al so baie van hulle eie en ander mense se kamele ingesluk het, moet tog

<sup>78)</sup> Kyk bls. 78 vlg. hiervan.

<sup>79)</sup> *Sy* spelling.

asseblief nie in verband met my boekie aan *muggies* gaan suig nie."

*Boontjies*, *ertjies* en *rosyntjies* en enkele ander kom nog onverkleind voor by oumense hier en daar en heel enkele kere by o.a. Langenhoven, maar is tog feitlik vormvas oor die hele taalgebied.

- (ii) Dié waarvan die onverkleinde vorm nog bestaan, maar in geheel ander sin of verband: (a) geïsoleerde woorde, bv. *alsie*, *bietjie*, *grootjie*, *lootjie*, *pruimpie* en *sopie*; (b) idiomatiese en ander vaste uitdrukkinge, bv. 'n *appeltjie* te skil *hê*, 'n moeilike *endjie* mens, *middelpaadjie* kam, *stokkies* draai, ens.
- (iii) By hierdie twee groepe sluit aan (a) die talryke gevalle waar diminutiva fakultatief is maar tog besonder veel, verreweg oorwegend diminutief, voorkom, bv. *korsie* (brood), *puisie*, *steggie*; (b) die waarvan die onverkleinde vorm nog gereeld voorkom, maar waarvan ook die verkleinde vorm só usueel is dat 'n dubbelvorm by hulle nie ongewoon is nie, bv. *bossie*, *boompie*, *dassie*, *gaatjie*, *kissie*, *koppie* (berg) en *knoppie*.

Dubbelformasies van die hele groep (iii) kom in ons prosa uiters selde voor, word egter dikwels in die gewone spreektaal waargeneem. Die volgende is twee van die weinige gevalle: „Daar is die *puisietjie* en oom Luikes krap dit stukkend . . .” (Droogte, bls. 113), en: „Gee nou vir ons 'n klein plekkie langs die transportpad om vir ons daar 'n *huisietjie* op te sit” (Op Veld en Rante, bls. 78).

Maar daar is baie gevalle waar 'n mens voel dat 'n dubbelvorm effektiewer sou gewees het as die enkelvoudige wat wêl gebruik is; so bv. waar Langenhoven in *Doppers* en *Filistyne* skrywe: „My erf was 'n

blaartjie aan die puntjie van een van die stengeltjies van een van die takke" (bls. 49). „Takke" is hier die „sypeltjies" wat onderdele is van die „straaltjie" van die „bergriviertjie". Hier sou „blaartjietjie" m.i. die omvangsorde van onderdele beter geaksentueer het.

(b) *Slytasie*. By aldrie groepe hiervóór het daar slytasie plaasgevind, in mindere of meerdere mate, van die krag van die diminutiefuitgang. Die duidelikste blyk dit by (i), waar bv. „'n tamaai groot mandjie" / , „'n yslike groot muggie" / en „pragtige groot bessies" / gewone Afrikaans is.

Opm. Dit moet nie verwar word met gevalle soos „my groot vroultjie" nie: hier geen slytasie nie, maar gevoelsuiting—wat by bostaande gevalle nie aanwesig is nie.

Dit geld ook van die grootste gedeelte van groep (ii) (a), bv. „'n stywe (d.i. groot) sopie / ", „'n pruimpie soos 'n kweper / " (so groot), e.d.m. By groep (iii) is die slytasieproses nog nie voltrek nie, maar tog duidelik aan die gang as gelet word op bv. „'n groot dassie", / „bring vir my die groot kisse" / , en „'n yslike dik korsie" / .

Opm. Waar die diminutief 'n ander voorwerp aandui dan die onverkleinde vorm van dieselfde woord, dus bloot of primêr middel tot naamgewing is, soos in bv. uintjie, bobbejaantjie (blom) en traktaatjie (godsdiensstige pamflet) is die semantiese waarde van die uitgang onmiddellik al onder-normaal deurdat dit feitlik net benoemingsdiens verrig. Dit is duidelik te sien deur 'n vormvaste diminutiewe neologisme soos „lopie" (sport) te vergelyk met sy fakultatief-diminutiewe korrespondens „lopie" (water). In dergelike gevalle kan daar dan nouliks van slytasie sprake wees.

Hiermee is die diminutief en sy verskyning in Afrikaans volledig genoeg beskrywe om die vraag te kan aanpak: welke gedeelte of hoeveel hiervan nou spesifiek Afrikaans, en nie ook Nederlands nie, is.

Die metode wat ek gaan volg, is om eers alles wat tot hier toe beskrywe is met Nederlands te vergelyk ten einde die presiese aard en omvang van moontlike verskille vas te stel.

Tensy anders vermeld, is my lexicologiese informasie oor Nederlands in die volgende hoofstuk geput uit die Woordenboek der Nederlandsche Taal, aangevul, vir dié gedeeltes daarvan wat nog nie voltooi is nie, uit Van Dale en 'n reeks Nederlandse dialekwoordeboeke of -lyste, wat dan spesiaal gemeld sal word.